***Lewenslesse vir beginners***

**65** Hier draai **Ek** My om en sê vir Hebram: "Wel, wel, jy het al groot vooruitgang bereik in die wysheid, net soos julle almal. Werklik, aan sulke leerlinge kan `n mens baie vreugde belewe en hulle sal gou as goeie arbeiders in die wingerd van Elohim gebruik kan word! Maar op één ding wil Ek julle almal tog wys, en daardie een ding bestaan hierin:

[2] Julle lyk nou soos die eerste blommetjies wat vinnig in die voorjaar hul koppies so heerlik bo die kaal grond verhef. As daar verder geen ryp sal kom nie, sal dit goed gaan met sulke vlytige blommetjies, kom daar egter, soos so dikwels in die voorjaar, na warm dae weer enige dae met ysryp, dan laat sulke vroeë blommetjies graag hul heerlike getooide koppies hang en verdor dan dikwels heeltemal.

[3] Ek sê vir julle: `n Mens besef dikwels baie goed wat waar is, maar as daar baie donker wolke met allerlei in versoeking bringende onweer bo die gemoed van die mens begin saampak, word dit somberder en somberder in die mensehart en hy sien dan baie dikwels nie meer wat kort tevore nog so helder sigbaar vir sy siel was nie.

[4] Bewaar daarom dit wat julle nou beleef het sorgvuldig in julle harte en verhef julle mooi getooide koppies eers dán bo die aardbodem van julle uiterlike menswees as die beproewingsdae met ryp verby sal wees. Waarlik, dan sal julle kennis deur geen ryp meer vernietig kan word nie!

[5] Alles het tyd nodig voordat dit gesuiwer en houbaar word, en dit is ook so met die kennis van die mense. Onder gunstige omstandighede word die nodige dikwels vinnig geleer en ook verstaan - maar deur ander verskynsels ook weer net so vinnig vergeet! Probeer daarom alles wat jy hoor meer met jou hart as met jou kop te bevat, dan onthou jy dit ook!

[6] As jy `n blom beskou, geniet jy sekerlik sy mooi vorm. Maar wat het jy aan die vreugde, want dit is tog net so verganklik as die blom wat dit teweeg gebring het?! Maar die krag van die blom moet neerslaan in die binneste van die omhulsel waarin die lewende saad bewaar en versorg word, en so moet ook julle uitwendige vreugde verwelk, en sy krag moet afdaal na die oerbasis waar die ewige, geestelike lewe bewaar en versorg word. Dan sal daaruit tesame met die gees `n ewigdurende vreugde oor sy ware, innerlike skoonheid ontstaan wat geen ryp op enigerlei wyse meer sal kan skaad nie.

7] Maar let nou goed op, want Ek sal nou ietwat nader ingaan op die sake waaroor Cyrenius nadere uitleg gevra het!"

[8] Toe rig **Ek** My tot Jarah en Josoë en sê aan hulle: "En julle, liewe kinders van My, kan nou `n rukkie na die kombuis na die dogters van ons Markus gaan, dié sal julle heelwat te vertelle hê oor wat hulle nou in die laaste paar dae by hul kokery beleef het; dit sal vir julle baie nuttig wees. Want dit wat Ek verder vir die gaste gaan uitlê, lyk soos `n brood wat so hard is soos klip en jy het baie sterk en goed ontwikkelde tande daarvoor nodig om so `n harde stuk brood goed te kan kou sodat dit daarna die gevoelige maag van die siel nie tot las is en pyn en skade veroorsaak nie. Later, as die tande van julle gemoed sterker sal word, sal hierdie soort sake ook aan julle vertel word!"

[9] Jarah verlaat nie so graag haar plek nie, maar **Josoë** sê vir haar: "Kom, liewe Jarah, gaan maar opgewek saam met my! Want wat die Meester wil, moet `n mens altyd dadelik met `n vrolike hart doen. Dit verstaan jy tog beter as ek, staan dus maar vinnig van jou plek af op en kom saam met my soos wat die Meester dit wil!” Toe staan Jarah op en gaan saam met Josoë die huis van Markus binne, waar sy volgens huislike tradisie deur sy dogters heel vriendelik ontvang word en gou word daar druk gepraat en die kinders beraadslaag tot die koms van die aand heel gesellig, terwyl hulle mekaar van alles op hoogte bring.

[11] Maar **Ek** rig My nou tot Cyrenius en sê: "Nou, beste vriend, kan jy luister na wat Ek jou as antwoord sal gee op jou taamlik uitvoerige vraag. Daaraan moet jy jou dan hou, net soos elkeen wat dit sal hoor!"

[12] Hier wou Suetal Rafael nog toefluister dat Ek nou eindelik iets gaan sê, maar Rafael gee hom ernstig `n teken om sy mond te hou en daarop swyg hy dan ook, en Ek praat soos volg verder:

***Wanneer egskeiding geoorloof is***

**70** **Cyrenius** sê: "Baie hartlike dank daarvoor, want nou is ek heeltemal voorgelig oor iets wat my altyd baie hoofbrekens besorg het by die fel van `n goeie oordeel. Ek glo dat daar nou skaars `n geval meer denkbaar is waarby ek nou nog sou twyfel hoe om te oordeel. Maar één vraag hou my nog baie besig en dit is: Is daar nou glad geen omstandighede waarby mens `n eenmaal geslote huwelik kan ontbind nie, en beide partye, sonder om hulle skuldig te maak aan die noodlottige sonde van egbreuk, kan hertrou nie?"

[2] **Ek** sê: "O ja, sulke gevalle kan hulle sekerlik voordoen, byvoorbeeld: As `n man `n vrou trou wat heel aantreklik vroulik daar uitsien, maar in die huweliksnag tweeslagtig blyk te wees. In so `n geval kan, as dit geëis word, die huwelik dadelik ontbind word. Maar dit is natuurlik wel so: Sonder klaers is daar ook geen regters op die aarde nie. Vir hierdie soort gevalle sou daar eintlik `n wet moet wees tengevolge waarvan so `n huwelik gladnie moontlik is nie, en waarby die een, wat vanself goed weet dat hy nie deug vir `n huwelik nie, as bedrieër tot verantwoording geroep en tot skadevergoeding veroordeel kan word. Maar wat hier gesê is van die vrou, geld ook net so vir die man wat nie volledig man is nie. As die vrou hom verlaat en met `n ander trou, begaan sy geen egbreuk nie.

[3] By manne kan daar egter ook hulle wees wat hulleself gekastreer het ter wille van die Ryk van Elohim, of dié wat al in hul jeug om die een of ander wêreldse rede gekastreer is, terwyl daar ook diegene is wat so gebore word. Al dié manne is heeltemal ongeskik vir die huwelik en hul ongeskiktheid bepaal vooraf reeds dat `n uiteindelike huwelik verbreek mag word.

[4] Ook kan één van die twee partye `n sodanige liggaamlike gebrek hê, dat die ander party onmoontlik daarmee kan saamlewe. So `n huwelik kan ook ontbind word - maar slegs as die een party vóór die huwelik niks van die gebrek kon merk nie. As hy of sy ondanks voorkennis tog die huwelik aangegaan het, is die huwelik geldig en kan nie ontbind word nie! Sulke gebreke, wat `n ontbinding van `n reeds geslote huwelik moontlik maak, is byvoorbeeld: verborge besetenheid van die een of die ander party, periodieke waansin, `n verborge, kwaadaardige velsiekte, kankergeswelle, om luise te hê, `n ongeneeslike longtering, vallende siekte, die algehele nie-funksionering van minstens twee sintuie, die ly aan jig en `n verpestende stank van die liggaam of die asem.

[5] As die gesonde party vóór die huwelik niks daarvan geweet het dat die ander party een van die bogenoemde gebreke het nie, kan hy dadelik na die voltrekking van die huwelik weer die algehele ontbinding eis en dit moet verleen word! Want in hierdie gevalle is die gesonde party bedrieg, en bedrog ontbind enige ooreenkoms en dus ook die huwelik.

[6] As sulke eggenote hulle in onderlinge oorleg nie wil laat skei nie, word die huwelik as geldig beskou en later kan dit, behalwe van tafel en bed, nie meer ontbind word nie, want dan geld julle gesegde: 'Volenti non fit iniuria' (gedwonge reg is geen onreg)!

[7] Behalwe hierdie gevalle is daar haas geen ander wat as rede vir `n geldige egskeiding aanvaar kan word nie.

[8] In alle ander onaangename gevalle moet die eggenotes tot die dood geduld met mekaar hê, want as die jong eggenote die heuning van die huwelik smaak, dan moet hulle die gal van die huwelik ook leer aanvaar.

[9] Die heuning van die huwelik is tog die slegste deel daarvan, want eers met die bittere deel van die huwelik begin die goue lewenserns. Dit moet egter iewers sy intrede maak, want kom dit nie, dan sal dit sleg gaan met die saad vir die hemele.

[10] Dikwels begin die saad eers tydens bittere lewenserns tot lewe te kom en hom te ontwikkel, terwyl dit tydens `n deurlopende heuninglewe net so verstik sou wees soos `n vlieg wat hom gretig in die heuningpot stort en deur die groot soetheid van die heuning die lewe laat. - Is alles nou vir jou duidelik?